MentorVennoot osw
Jy staan nie alleen nie

Hoofstraat 206
Paarl
082 459 6316
info@mentorvennoot.co.za
NPO Reg nr 201-329

MENTORVENNOOT PROGRAMME

Beste skoolhoofde en onderwysers,

Sedert Maartmaand, is 2020 se programme vir almal maar erg deurmekaar gekrap……!!!

Al ons eposse met scenarios en alternatiewe datums vir die Snapspel en die ander Mentorvennoot(MV) programme, kon ook nie realiseer nie.

Die laaste kommunikasie met u (middel Junie), was van Tharina en Marius(School Solutions) om `n opname te maak hoe die res van 2020 kan lyk deur drie moontlike opsies. `n Opsomming hiervan is:

1. **Skeduleer `n nuwe datum vir die Snapspel**
   (Slegs een skool kon `n nuwe datum gee. Twee ander wou, maar moes eers wag om te hoor van regulasies). Ai, ek dink almal wag nou alweer vir nòg nuwe regulasies.
2. **Wie sou belangstel in `n E-leer model/aanbiedinge?**
   (Nege skole het hierin belang gestel)
3. **Wie moet vanjaar se afspraak kanselleer en wil eerder 2021 weer deelneem?**
   14 Skole het dit so gedoen

Die oorweldigende reaksie was dat die onderwysers en hoofde nie definitiewe antwoorde kon gee nie weens die onsekerheid van die skooljaar en ook hul eie programme se herskedulering. Dit word uiteraard verstaan, ons het groot simpatie met almal in die onderwys!

Mentorvennoot moes sodoende ook na sy programme en situasie kyk. Gelukkig het ons lankal reeds in ons beplanning die kwessie van E-leer en ander metodieke se ontwikkeling vir toekomstige aanbiedinge. Die ontoeganklikheid tot skole het ons genoop om vinniger aandag daaraan te kon gee, maar veral ook om Entrepreneurskap nou nòg vinniger en meer funksioneel by ons leerders tuis te bring.

Die situasie is tans as volg:

- Die Snapspel program soos vir 2020 geskeduleer, is dus finaal gekanselleer.
- Ons sal egter teen einde Augustus/begin September met u kommunikeer of daar `n moontlikheid is vir`n Snapspel alternatief(moontlike aanlyn metode)
- Ons is ook besig met die ontwikkeling van Entrepreneurkursusse wat digitaal aangebied sal word. Goeie nuus eersdaags, meer hieroor.
- Die ander Mentorvennoot programme wil ons graag mee aangaan en ook vernuwe. Dit sal natuurlik ook aangepas word na digitale vorm en ander prosedures

Direkteure: Andries Domburg (Voorsitter), Coreen King, Prof. Anne-Marie Beukes, Gerrie de Villiers, Jan Bosman, Kobus van den Bergh (Besturende Direkteur), Jaco Pieters (Finansieël), Ziegfried van Huyssteen.

1. **Die Entrepreneurkompetisie.**
Hou julle leerders aan help om te bly woeker met hul besighede. Ons wil nog steeds`n kompetisie met baie inskrywings hou. Ons sal julle hieroor ook eersdaags inlig oor die inskrywings en prosedures.
2. **Die Ambassadeurs.**
Hierdie leerders is die Entrepreneurleiers. Hulle gaan in die toekoms nog `n groter rol speel. Ons het tans 10 Ambassadeurs maar wil graag by elke skool ( nie net by Snapspelskole nie) `n Ambassadeur hê. Ons skakel ook eersdaags met u daaroor
3. **Mentorvennoot Verenigings**
Ons wil nog steeds die kundige ooms en tannies in u omgewing/dorp kry om raad te gee vir die jong Entrepreneurs van die skool. Bly asseblief sulke mense soek en help identifiseer. Wysigings oor hierdie aksie en prosedures volg ook later.
4. **Entrepreneurklubs.**
Alhoewel dit nou vir die skole seker moeilik gaan wees met buitemuurse aktiwiteite. Help asseblief waar moontlik om geleenthede te skep vir die kinders wat Entrepreneuriese vaardighede het.
5. **Onderwysersforum.**
Hierdie forum is bedoel vir skakeling tussen die onderwysers wat betrokke is by Entrepreneursake by skole. Skakel met mekaar en ruil gedagtes uit. Hierdie platform gaan ook meer funksioneel gebruik word.

Prosedures en wyse van funksionering:
Die positiewe nou is: (wat deur die corona momentum gekry het)

- By al genoemde programme (1 – 5) gaan MV nou periodiek ook skakeling deur middel van zoom en of whatsapp doen.
- Dit bring nuwe geleenthede en groei. Ons gaan gereelde opleiding/inligtingsessies met al die verskillende groepe kan hou!!
- Die ander voordeel is, om nie net die 42 skole wat die Snapspel doen te bedien nie, maar ook die 690 ander skole wat in ons teikengroep val. Wonderlik!!

Indien julle enige navrae of idees het – ons hoor graag!

Baie sterkte en groete

Kobus van den Bergh

Besturende Direkteur
Mentorvennoot

5 Augustus 2020

Direkteure: Andries Domburg (voorsitter), Coreen King, Prof. Anne-Marie Beukes, Gerrie de Villiers, Jan Bosman, Kobus van den Bergh (besturende direkteur), Jaco Pieters (finansieel), Ziegfried van Huyssteen.

Direkteure: Andries Domburg (voorsitter), Coreen King, Prof. Anne-Marie Beukes, Gerrie de Villiers, Jan Bosman,
Kobus van den Bergh (besturende direkteur), Jaco Pieters (finansieel), Ziegfried van Huyssteen.